# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/13)

*Justin Chadwick (31 Mei 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Some people dance in the rain – others get wet" Bob Marley***

## DURBAN HAWE

Dit is nog baie vroeg in die seisoen en reeds is die Durban hawe onder druk weens die toename in vroeë seisoen produksie. In totaal is die koelkamers ¾ vol met van die groter koelkamers wat tussen 90 en 100% vol is. 'n Verdere verskuiwing na houers beteken dat uitlaai van houervragte hoog is wat Durban onder groot druk plaas, en wat vertragings tot gevolg het. Sake kan slegter raak wanneer die groot volumes lemoene opdreef kom en daarom wil CGA die volgende aanbeveel;

- Maak seker dat jou trok bespreek is en op tyd aankom; trokke wat bespreek is word eerste afgelaai. As dit moontlik is, laai trokke met 'n volle besending wat vir een koelkamer bestem is.
- Verseker dat daar plek by die aangewese koelkamer vir jou besending is.
- Doen navraag oor die beskikbaarheid van leë houers. Maak seker dat die skeepsredery kennis dra van die nuutste voorspellings.
- Doen navraag oor die verskepingsgeleenthede – maak seker dat jou vrugte nie oorstaan en broodnodige spasie opneem nie.

Die CGA het vir Faisal Asmal en Mitchell Brooke aangestel om die hawe se omstandighede op 'n Dinsdag en Vrydag te assesseer, en 'n verslag saam te stel wat aan alle sitrusprodusente en pakhuispersoneel beskikbaar gestel word. As jy deel van die verspreidingslys wil wees, kontak Mitchell Brooke mitchell@cga.co.za

## STAND VAN KARTONNE (Boodskap - Dawid Groenewald - CRI)


Die Verpakkingswerksgroep (wat deel van die CRI Na-oes Tegniese Forum vorm) is in 2007 gestig. Die belangrikste verantwoordelikhede was om behoorlike spesifikasies weer in plek te kry en om te verseker dat alle kartonne aan die spesifikasies voldoen. Dit is met dankbaarheid dat daar aangekondig word dat die gehalte van die kartonne dramaties verbeter het. Tydens die 2010-seisoen is die Verpakkingswerksgroep versoek om die kartonvervaardigers te akkrediteer. Die proses het gedurende die tweede helfte van die 2010-seisoen begin. Kartonne is na 'n SANAS geakkrediteerde laboratorium gestuur om te bepaal of dit aan al die toetse voldoen. Bykomend is pakhuis en CRI monsters ook ingedien en getoets. Tydens die 2011-seisoen het die proses voort gegaan. Op 'n deurlopende basis is kartonne ingedien en getoets om te bepaal of dit aan die spesifikasies voldoen. Uitvoer-organisasies, produsente, skeepsrederye en oorsese kopers is gevra om aan ons terugvoering oor die prestasies van die kartonne te gee. Teen die einde van die 2011-seisoen is al die bogenoemde inligting krities geanaliseer en die volgende kartonvervaardigers is in November 2011 geakkrediteer (in alfabetiese volgorde):

**APL Cartons; Corruseal; Houers Koöperatief; Mpact Corrugated; Nampak Corrugated; New Era Packaging; Sunnypacks Manufacturing.**

Tydens Januarie 2012 is 'n skedule opgestel en tydens Februarie tot September 2012 is kartonne ingedien en getoets vir voldoening aan die relevante spesifikasies. In gevalle waar kartonne nie voldoen het nie, is die resultate onmiddellik met die betrokke verskaffer bespreek en regstellende stappe is geneem. In November 2012 is alle data weer geanaliseer en dieselfde kartonvervaardigrs wat hierbo gelys is, is weer vir die 2013-seisoen geakkrediteer. Die volledige akkreditasie-proses sal in 2013 voortgaan.

Ons vermoed dat sommige kartonvervaardigers nie altyd die voorgeskrewe papier gebruik nie (Virgin Liners en Semi-chemical Fluting). Daar is met deeglike ondersoeke begin en ons bevindinge sal so spoedig moontlik beskikbaar gestel word. Produsente moet asseblief seker maak dat hul kartonne van Virgin Liners en Semi-chemical Fluting vervaardig word.

## RUSLAND – AMPTELIKE SYFERS VAN 2012




Die Russiese vrugte en groente mark bly baie afhanklik van ingevoerde produkte, met omtrent een derde van alle vars produkte wat, volgens data van die Russiese Federale Regering se Statistieke diens, ingevoer word.

In 2012, was die totale invoere van vars produkte na Rusland 8.89 miljoen metrieke ton (MT), wat omtrent 15% minder was as die piek van 2011, wat grootliks deur die 2010 droogte beïnvloed is. Die grootste groep in 2012 was sitrus, met 1.58 metrieke ton van totale invoere (-4.9% in vergelyking met 2011), appels op 1.27 miljoen MT (+7.6%) en piesangs op 1.26 miljoen MT (-3%). *Bron*: *Freshfel*

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 22 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 7.1 m | 7.3 m | 9.7 m | 5.4 m | 6.1 m | 15 m | 15.2 m | 13 m |
| Sagt Sitrus | 3.3 m | 3.4 m | 3.7 m | 2.6 m | 2.7 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 3.7 m | 3.4 m | 4.8 m | 2.7 m | 3.8 m | 11.1 m | 10.1 m | 10.5 m |
| Nawels | 4.5 m | 4.3 m | 3.7 m | 1.5 m | 1.9 m | 24.9 m | 24.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.2 m | 0.1 m | 0.1 m | 0.1 m | - | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 18.8 m | 18.5 m | 22 m | 12.3 m | 14.5 m | 106.8 m | 106 m | 103 m |
| | | | | | | | | |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**